Wes-Kaapse leerlinge drink meer as dié in ander provinsies

Jason Felix

Wes-Kapenaars het tot einde vandeesmaand om kommentaar te lewer op die groenskrif oor alkoholverwante skadevermindering.

Dit stel voor dat drankadvertensies beperk en dat minder alkohol by afsetpunte op nasionale of provinsiale paaie verkoop word.

Die projek wat deur Helen Zille, Wes-Kaapse premier, se departement begin is, het ten doel om die negatiewe impak te verminder wat alkohol op gemeenskappe het.

"Alkoholverwante skade vernietig lewens en gemeenskappe en beperk maatskaplik-ekonomiese ontwikkeling, maar daar is 'n gebrek aan geïntegreerde, volhoubare steun vir doeltreffende ingryping om alkoholverwante skade te verminder," lui 'n deel van die groenskrif.

Helen Zille
Foto: DENZIL MAREGELE

Volgens die Wes-Kaapse regering is die gevalle van fetale alkoholspektrumversteuring in die provinsie van die hoogste in die land.

- 35,2% van Wes-Kaapse leerlinge in gr. 8 tot gr. 11 misbruik alkohol – meer as in enige ander provinsie;
- Die beraamde verlies in die Suid-Afrikaanse ekonomie weens alkoholverwante skade is tussen 7% en 10% van die Wes-Kaapse BBP (R165 miljard tot R236 miljard);
- 70% van misdade in gemeenskappe word aan die misbruik van verslawende middels toegeskryf;
- 67% van gevalle van gesinsgeweld in gemeenskappe kan aan alkohol toegeskryf word;
- 70% van traumapasiënte in hospitale toets positief vir die gebruik van alkohol; en
- 18% tot 26% van gr. 1-leerlinge in sekere hoërisikogemeenskappe het tekens van fetale alkoholspektrumversteuring getoon.

Die ACDP het Wes-Kapenaars aangemoedig om hul sê te sê omdat alkohol 'n groot probleem in die Wes-Kaap is. Die ANC ondersteun dié oproep.

Die groenskrif stel voor dat daar 'n nasionale verbod geplaas word op drankadvertensies wat sigbaar is aan mense onder die ouderdom van 18 en beperkings geplaas word op sport- en ander reklame wat alkohol met sukses verbind.

Wat reklame betref, sal bemarking en die bevordering van alkohol verbied moet word in alle openbare geriewe en op geleenthede wat deur die provinsiale regering aangebied word.

- Lees die volle groenskrif-beleidsdokument by www.westerncape.gov.za/alcohol-harms of stuur 'n e-pos na alcohol.greenpaper@westerncape.gov.za.

Die Burger 18 Nov 2016, p 11